



Stellenbosch

UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

BYLAAG by die
REKTOR SE BESTUURSVERSLAG aan
DIE RAAD

Maandag, 17 April 2023

Prof Wim de Villiers,
Rektor en Visekanselier

Inhoudsopgawe

| | |
|--|----|
| TEMA 1: 'N FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH | 5 |
| 1.1 US-strategie in aksie..... | 5 |
| 1.2 Institusionele Beplanningsforum (IBF) | 6 |
| 1.3 Akademieskap van Onderwysleierskap 2023..... | 6 |
| 1.4 PRONTAK | 6 |
| 1.5 Finansiële doelwitte vir 2022 bereik | 6 |
| 1.6 Bouprojekte | 7 |
| 1.7 Sekuriteit op kampus | 8 |
| 1.8 Beplande en reaktiewe instandhouding | 9 |
| 1.9 Ondersteun innovasie en entrepreneurskap | 9 |
| 1.10 Inspireer slim idees | 10 |
| 1.11 Botaniese Tuin spog met opknappings..... | 10 |
| 1.12 Maties Sport op hulle merke en gereed | 11 |
| 1.13 Sekuriteit en toegang hoofsaak vir Informasietegnologie | 11 |
| 1.14 Inligtingsoorsigbestuur | 12 |
| 1.15 Aktiwiteite in Regsdienste | 13 |
| 1.16 Nuwe ministeriële aanstelling in die Raad | 13 |
| 1.17 Bevorder transformasie | 13 |
| 1.18 Bou die US se sosiale impak uit | 14 |
| 1.19 Ondersteun personeel- en studentegesondheid | 14 |
| 1.20 Eksterne kommunikasie..... | 14 |
| 1.21 Geleentheidspesifieke kommunikasie | 17 |
| 1.22 Uitmuntende kliëntediens gedurende registrasie | 18 |
| 1.23 <i>Matieland</i> dink nuut oor die toekoms | 18 |
| 1.24 <i>Siyakhula Live</i> amptelik die beste aandprogram | 19 |
| 1.25 Woordfees en US Koor | 19 |
| 1.26 Taalsentrum 'neem beheer' oor meertaligheid | 19 |
| TEMA 2: 'N TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING | 19 |
| 2.1 Eerstejaarkoshuisplasing | 20 |
| 2.2 ResEd-werksessies..... | 20 |

| | | |
|------|---|-----------|
| 2.3 | Studente skryf vir verandering | 20 |
| 2.4 | Sosiale Impak-gemeenskapsoggend wys studente hoe betrokke burgerskap lyk..... | 21 |
| 2.5 | 'n Meer studentegerigte verwelkomingsgids vir nuwelinge | 21 |
| 2.6 | Leer studente die #leweistaal | 21 |
| 2.7 | Bevorder akademiese geletterdheid | 22 |
| 2.8 | Tegnologiegesteunde assesserings..... | 22 |
| 2.9 | Studente-opleiding deur Eenheid vir Gelykwaardigheid | 22 |
| 2.10 | US verwelkom rekordgetal internasionale studente | 22 |
| 2.11 | Studenteleiers ontvang noodhulp-opleiding | 22 |
| 2.12 | Innovus-gefinansierde platform sal werkloosheid onder graduati help verlig..... | 22 |
| 2.13 | Rus studente toe om betrokke burgers te wees | 23 |
| | TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE | 23 |
| 3.1 | US Museum reik uit en raak betrokke | 23 |
| 3.2 | Voorgestelde samewerking met Xhosa Koninklike Raad | 23 |
| 3.3 | Ooreenkoms om internasionale diensleersimposium voort te sit | 23 |
| 3.4 | Sosiale Impak doen voorlegging aan SCAN | 24 |
| 3.5 | Kyk terug én bou 'n nuwe toekoms saam met Ou Lückhoff..... | 24 |
| 3.6 | Kampusgesondheidsdiens deel kennis met ander..... | 24 |
| 3.7 | Tegnologievennootskappe..... | 24 |
| 3.8 | Bou bande om eensgesindheid te bevorder | 25 |
| 3.9 | Brei ons vennootskapsnetwerk uit..... | 25 |
| 3.10 | Sport as 'n platform vir gendergesprekke | 25 |
| | TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER..... | 26 |
| 4.1 | Hibridiese leer brei onderrigreikwydte uit..... | 26 |
| 4.2 | Aanlyn tolking ondersteun onderrig..... | 27 |
| 4.3 | Skryfkonsultasies voeg waarde toe | 27 |
| 4.4 | Skryflaboratorium reik wyer uit met werksessies | 27 |
| 4.5 | US-eenheid verseker gehalte van eerste ISS-eksamen | 27 |
| 4.6 | ADA-somerskool weer in kontakvorm | 28 |
| | TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK..... | 28 |
| 5.1 | Fonds vir Innovasie en Navorsing oor Leer en Onderrig..... | 28 |
| 5.2 | US dra by tot eerste HELTASA-boek | 28 |
| 5.3 | Help gemengdeleerkoördineerders navorsingsuitsette skep..... | 29 |

| | |
|---|-----------|
| 5.4 Nuwe navorsingsbestuurstelsel..... | 29 |
| 5.5 Intreeredes vertel van wetenskaplike ontdekkings..... | 29 |
| TEMA 6: VOORKEURWERKGEWER | 29 |
| 6.1 Personeelbyeenkoms | 29 |
| 6.2 Moedig 'n fisies aktiewe personeelkorps aan..... | 29 |
| 6.3 Senior aanstellings | 30 |
| 6.4 Aktiwiteite vir werknemerwelstand..... | 30 |
| 6.5 Herbedink Sosiale Impak saam met personeel..... | 30 |
| 6.6 Verbeter kantoorkommunikasie | 31 |
| 6.7 Waak oor beroepsgesondheid | 31 |
| 6.8 Personeel bygestaan om transformasiekonferensie by te woon..... | 31 |
| MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE (24 Oktober 2022 tot 23 Februarie 2023)..... | 32 |
| Meningsartikels | 32 |
| Rubrieke..... | 38 |

TEMA 1: 'N FLORENDERE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

In ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) beskryf ons hierdie tema soos volg: “Om die US ’n florerende organisasie te maak, beoog ons ’n lewenskragtige, voorspoedige en sistemies volhoubare universiteit.” Met ‘florerend’ bedoel ons “om sukses te behaal of bestendige vordering te maak; om voorspoedig te wees; om te gedy”.

Ons sê ook die volgende: “Die US erken die groot uitdagings verbode daaraan om ’n florerende universiteit te word. Ons besef dat ons responsief sowel as proaktief moet wees om die toekoms van die Universiteit te rig. Ons is verbind tot sistemiese volhoubaarheid, wat mense, plek (sosiaal), welvaart (ekonomies) en die omgewing insluit en verantwoordelike korporatiewe oorsigbestuur noodsaaklik maak.”

1.1 US-strategie in aksie

Ná verdragings as gevolg van die pandemie en die ontwikkeling van die Universiteit se nuwe logo en handelsmerk-identiteit is die **visuele inwerkingstelling van die US se Visie 2040**, missie, waardes en kernstrategiese temas nou voltooi. Personeellede en studente sal verskeie inligtingsinstallasies op ons kampusse opmerk, waaronder by alle hoofingange van fakulteite, die Admingeboue A, B en C, die kantore van die Studenteraad (SR) in die Neelsie, die US Museum, US Biblioteek en elders. Die inligtingstekens stimuleer gesprek en help skep ’n gemeenskaplike begrip van ons visie en strategie.



Visuele installasie oor Visie 2040 op Tygerbergkampus

Die Raad het in November 2022 ons **Kode 2040** goedgekeur. Die doel van hierdie geïntegreerde etiekkode is om gedrag by die Universiteit te reël deur die US se institusionele waardes in ’n stel oorhoofse gedragsriglyne vir studente, personeellede en statutêre liggame om te skakel. Die Eenheid vir Bedryfsetiek en Publieke Integriteit in ons Sentrum vir Toegepaste Etiek het die dokument op versoek van die Raad en die Rektoraat saamgestel. Kode 2040 draai om die US-verbintenis, wat soos volg lui: “As belanghebbendes van die Universiteit Stellenbosch, verbind ons onself tot etiese gedrag. Ons verbintenis is in die besonder om ons werk te verrig op ’n wyse wat uitnemendheid demonstreer, om ons belanghebbendes altyd billik en met respek en deernis te behandel, en om verantwoordbaar te wees vir die uitvoering en gevolge van al ons handelingne.”



Die **Imbizo 365-skakelingskalender** vir 2023 (*sien afbeelding links*)

weerspieël die Universiteit se nuwe handelsmerkvereistes en is in Engels, Afrikaans en Xhosa te kry. Dit is onder studentegemeenskappe en fakulteite versprei.

Ander handelsmerknuus is dat die US Taalsentrum nou as 'n **subhandelsmerk** binne die oorkoepelende, eenvormige handelsmerkargitektuur van die Universiteit geïntegreer is (*sien regs*). Ons subhandelsmerke is strategies ontwerpte handelsmerke vir kernafdelings van ons instelling. Hiervoor word die primêre handelsmerk (S-stroomsimbool) by 'n beperkte aantal unieke ontwerpe ingesluit om ons vernaamste aanbiedinge te kategoriseer en te differensieer. Dit verseker dat entiteite soos die Taalsentrum harmonies onder die eenvormige US-handelsmerk funksioneer, maar ook steeds bekend is vir hulle onderskeie teikengehore. Aangesien die Sentrum ook eksterne kliënte bedien om 'n derde inkomstestroom te skep, moet hy op sy eie herkenbaar wees.



SU Language Centre
IZiko leeLwimi lase-SU
US Taalsentrum
STELLENBOSCH UNIVERSITY

1.2 Institusionele Beplanningsforum (IBF)

Soos ek in my hoogtepunteverslag genoem het, het die IBF, een van ons belangrike strategiese jaarbeplanningsgeleenthede, op 8 en 9 Februarie 2023 plaasgevind. Die program het om die volgende vraag gedraai: Hoe kan ons so goed moontlik lei en saamwerk om die US se doel met strategiese vernuf en 'n waardegegronde kultuur te bereik? Die kern van die gesprekke en aktiwiteite by die IBF was nie soseer die verfyning van strategie en bedryfsake nie, maar eerder veranderingsbestuur ten opsigte van ons institusionele doel, etos en waardes. Deelnemers het later hulle waardering daarvoor uitgespreek dat die sessie die Universiteit se strategiese fokus en rigting aansienlik opgehelder het, wat hulle in staat stel het om dit beter te implementeer. Dit het net weer getoon hoe waardevol strategiese duidelikheid is om 'n organisasie te laat vooruitgaan en terselfdertyd 'n waardegegronde gemeenskap en kultuur te bou.

1.3 Akademieskap van Onderwysleierskap 2023

Nege kollegas van oor ons hele instelling is gekies om vanjaar die kortkursus in die Akademieskap van Onderwysleierskap te voltooi. Die kursus van 12 krediete bied deelnemers 'n platform om hulle praktyke as onderwysleiers te ondersoek en te deurdink. Die kursusinhoud is onder vier temas ingedeel, naamlik “Die kontekstualisering van onderwysleierskap”, “Navorsing oor onderwysleierskap”, “Kurrikulumleierskap” en “Pedagogiese leierskap”. Die aanlyn leerkomponent is in die vorm van 'n gestruktureerde leesprogram waar elke deelnemer literatuur oor die vier temas moet deurwerk. Die leesstukke word dan in kleiner en groter groepe bespreek. Aanlyn aktiwiteite en opdragte word ook voltooi.

1.4 PRONTAK

'n Groep van 54 akademici van ál tien fakulteite het die kortkursus Professionele Onderrigontwikkeling vir Akademici (PRONTAK) in 2022 voltooi. Om die kursus mee af te sluit, het deelnemers laat verlede jaar aanlyn plakkaat by die US se konferensie oor die Akademieskap van Onderrig en Leer (AvOL) aangebied. AvOL-afgevaardigdes het die plakkaat getiteld “Uitstel is 'n tyddief” deur Melissa Botha, Kerotse Kekana en Sabrina Matthee van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe as die beste PRONTAK-bydrae aangewys.


Vanjaar se PRONTAK-kursus sluit doelbewus meer kontaktyd in, sowel in groep- as fakulteitsverband. Die program het op 1 Maart begin met 'n kontakssessie oor hoe om 'n nadenkende praktisyn te wees.

1.5 Finansiële doelwitte vir 2022 bereik

Die Afdeling Finansies het die boekjaar 2022 suksesvol afgesluit. Die resultate strook met beplanning en sal nou vir goedkeuring aan die Raad voorgelê word.

1.6 Bouprojekte

Die **Biomediese Navorsingsinstituut- (BMNI-)**projekspan het die gebou in die loop van Februarie 2023 voltooi. Die kontrakteur sal nou tot die einde van April geringe foute regstel. Die BMNI is die duurste bouprojek van sy soort in die geskiedenis van Suid-Afrikaanse hoër onderwys, en 'n massiewe mylpaal en pluimpie vir ons universiteit.




Die noordelike aansig en atrium van die BMNI (links), die hoofingang (middel), en die suidelike ingang (regs)

Die **hoofinlaatsubstasie by Tygerberg** maak deel uit van die meesterplan om alle elektriese dienste op ons mediese kampus te sentraliseer. Werk behels die oprigting van 'n nuwe gebou en die herontwikkeling van die parkeerterrein langsaan. Dit is in die tweede helfte van Januarie 2023 prakties voltooi (*sien regs*), en finale voltooiing word in April verwag.

Boonop was die **terughoudam by Tygerberg** teen 1 Maart 2023 klaar. Die dam is deel van die stormwatervereistes in daardie kampus se ontwikkelingsplan vir 2030.

Ná die terreinoorhandiging in November 2022 het die ontwikkelaar van ons **Goldfields-koshuis** voorlopige munisipale goedkeuring ontvang om met die siviele werke te begin. Uitgrawings vir die nuwe gebou se fondasies en ondergrondse dienste is aan die gang, en die projek sal na verwagting teen die begin van Januarie 2024 klaar wees.



Die gebou en parkeerterrein van die nuwe hoofinlaatsubstasie by Tygerberg



Die laaste werk aan die **Victoria-hub** (*op foto links net voor voltooiing*) is op 21 Februarie 2023 afgehandel. Dié derde US-hub bied 14 Privaatstudenteorganisasie- (PSO-)kamers, PSO-studentetoegang tot die koshuise Harmonie en Monica, 'n deli en nuwe terreinuitleg. Dit is ook ten volle toegerus met IKT-veselinfrastruktuur.

Maties Sport het in Februarie die opwarmingswedstryde vir die Internasionale Krieketraad se T20-Wêreldbeker vir vroue aangebied. Die wedstryde by Coetzenburg was ons eerste geleentheid om met ons **pas opgeknapte krieketklubhuis** te spog (*op foto regs*). Die klubhuis is aan die einde van Januarie aan Maties Sport oorhandig. Dit sluit vier nuwe kleedkamers met storte en ablusiegeriewe, 'n mediese vertrek, kleedkamers vir skeidsregters, 'n verbeterde alarmstelsel en klankstelsels in en voldoen ook aan munisipale brandveiligheidsstandaarde.



Siviele Ingenieurswese was in hulle skik om teen die middel van Februarie ná omvattende opknappings weer hulle gebou te betrek. Die fasiliteit spog nou met:

- 'n lesingteater met 464 sitplekke;
- nuwe studente-areas;
- drie nuwe klaskamers met sitplek vir nagenoeg 300 elk;
- twee nuwe klaskamers met sowat 120 sitplekke elk;
- opgeknapte en verdigte kantore, raadsale en wegbreekareas;
- verbeterde geboudienste, waaronder sentrale lugversorging en elektrisiteits- en datanetwerke; en
- nuwe, moderne nooduitgange en sekuriteitstelsels.

1.7 Sekuriteit op kampus



Kampussekuriteit het hulle **ontplooiing gedurende die verwelkomingstydperk aansienlik versterk** om sigbaarheid op kampus, en veral in die omgewing van die koshuise, te verhoog. Die sekuriteitskiosks in Joubert-, Victoria-, De Waal-, Bosman-, Coligny- en Neethlingstraat is gewoonlik net saans oop, maar van 1 tot 3 Februarie was personeel ook bedags daar aan diens. Die kiosks (*op foto links*) het nie net beter sigbaarheid verseker nie, maar somer ook as inligtingspunte vir studente en ouers gedien.

Gedurende die **fase 5- en fase 6-beurtkrag** in Desember 2022 was die krag op die US se kampusse soms tot vyf uur aaneen af. Daardie lang kragonderbrekings het 'n ernstige impak op geboutoegangsbeheerstelsels gehad aangesien van die batterye by hoofingange leeggeloop en die deure gevolglik outomaties oopgegaan het. Kampussekuriteit het in reaksie hierop heelwat meer sekuriteitsbeamptes op kampus ontplooi om alle gebou-ingange na te gaan en te sorg dat alle deure gesluit en beveilig is. Daarbenewens is die saamstapdiens hersien en het ses beamptes van Pro Events groepe studente saans op ses aangewese roetes na hulle onderskeie koshuise vergesel. Die diens was elke uur op die uur beskikbaar om te sorg dat studente in die pikdonker veilig tuiskom.

Wat **kampusmisdaadendense** betref, was straatroof teen die einde van 2022 'n bron tot kommer. Die meeste voorvalle het in die buitewyke van die kampus plaasgevind. Fietsdiefstal het die afgelope drie maande aansienlik afgeneem, hoewel diefstal van motorvoertuie, veral ouer modelle, toegeneem het. Diewe slaan veral op die Coetzenburg-parkeerterreine toe. Aanmeldings van vermiste studente het ook aan die einde van verlede jaar toegeneem, maar die meeste van dié individue is binne 'n paar uur ongedeerd opgespoor.

1.8 Beplande en reaktiewe instandhouding

Die verslagtydperk was 'n besonder bedrywige tyd vir Fasiliteitsbestuur se instandhoudingspanne. 'n Groot waterpyp het op 26 Desember 2022 gebars en [massiewe oorstromings en aansienlike waterskade](#) op **Admin A se grond- en ondergrondverdieping** veroorsaak. Instandhoudingspanne het 72 uur lank onverpoosd gewerk om die skade te beperk en die vloere droog te kry. Danksy hulle flink optrede is skade wat aanvanklik op sowat R20 miljoen geraam is uiteindelik tot net R4 miljoen beperk. Alle herstelwerk is binne 'n rekordtyd van twee weke voltooi.

'n Siviele ingenieur het in November 2022 bevind dat die **dak van die Departement Geologie** struktureel onveilig is. Die ingenieur is gevolglik opdrag gegee om beheer te neem oor die verwydering van die bestaande dak en om 'n nuwe een te installeer. Alle bestaande dienste soos IT en verhitting, ventilasie en lugversorging (HVAC) moes onder meer verwyder en van voor af geïnstalleer word. Die projek was teen Januarie 2023 klaar.

Ná 40 jaar se voetverkeer was die **vloer op die onderste verdieping van die Neelsie-studentesentrum** aan die disintegreer, en SUNKOM het versoek dat dit met 'n volhoubare en duursame produk vervang word. Die Desember vakansie was die enigste beskikbare tyd hiervoor, en die span het alles uitgehaal om die werk te voltooi.

'n Projek is by die koshuise Erica, Harmonie, Helderberg, Irene, Lobelia en Nerina van stapel gestuur om alle gevalle van **nievoldoening aan SANS 10142 in die elektrisiteitsnetwerke** reg te stel ten einde voldoeningstifikate vir al die geboue te bekom. Elektriese kontrakteurs is aangestel om bystand te verleen, en die instandhoudingspan het die projek binne net drie maande van November 2022 tot Februarie 2023 voltooi. Boonop het Fasiliteitsbestuur se spanne met die oog op beurtkrag **nuwe noodligte by koshuise** geïnstalleer.

Wat omgewingsvolhoubaarheid betref, het Fasiliteitsbestuur nutsdiensdata soos HVAC, binnenshuise luggehalte, verligting, geraas en temperatuur in 19 US-geboue versamel om 'n **Groenster-portefeuljegradering** te bekom. Die data is by die Groenburaad ingedien, en ons is in ons noppies met ons eerste lot voorgestelde graderings (*sien hier onder*).



As deel van **beplande instandhouding**, het die spanne gedurende die vakansie boonop verskeie kampusgeboue met hoëdrukwaterspuitte skoongemaak.

1.9 Ondersteun innovasie en entrepreneurskap

Ses maatskappye het in 2022 die groen lig ontvang vir **inlywing by US Enterprises (Edms) Bpk**, die Universiteit se maatskappygroep. Dit was FluoroBiotech, Nanosene, BanziFeet, Cybarete, Scientia en

TerraClim. Tot dusver vanjaar is een maatskappy in die afwentelingsproses (DuPack Packaging), een in die voor-inkubasiefase (Plantsiekteliniek), en nóg een het pas sy aanbod vir leerders in graad 10, 11 en 12 bekend gestel (SU Advantage) (*sien 1.10 vir meer hieroor*).

Daarbenewens het Innovus [Instant Startup](#) geïmplementeer. Dié splinternuwe instrument bied deurlopende bystand aan personeel en studente wat graag nuwe afwentelmaatskappye op die been wil bring.

Ons het verlede jaar se **mentorskapsprogram vir entrepreneurs** aan die begin van Desember afgesluit met 'n sertifikaatontbyt vir alle mentors en mentees. Alle partye het positiewe terugvoer voorsien, en die meeste mentors het aangebied om weer in 2023 bystand te bied. Om die kultuur van entrepreneurskap by die US 'n verdere hupstoot te gee, gaan ons voort met ons maandelikse “**Entrepreneur van die maand**”-artikels oor nuwe beginnerondernemings. Artikels in die verslagtydperk het gehandel oor Lizane Füzy van Gradlinc, 'n doelgeboude loopbaanontwikkelingsplatform en nasionale databasis wat gegradueerdes en werkgewers met mekaar verbind, sowel as Vusi Mokoena, wat in Kayamandi grootgeword het en Mavusana Premium Rooibos op die been gebring het.

1.10 Inspireer slim idees

Stellenbosch Netwerk het in November met ons universiteit, Luntu, Ranyaka, RISP (die streeksprogram vir innovasiesteun) en Stellenbosch Munisipaliteit saamgewerk om die vierde aflewering van die **uitdaging #IdeasForChange** aan te bied. Die doel is om na nuwe oplossings te soek om Kayamandi in Suid-Afrika se eerste slimtownship te omskep en inwoners se lewensgehalte op die koop toe te verbeter. Ons het 44 inskrywings ontvang, en die beoordelaars het die beste drie gekies. Die publiek het daarna vir hulle gunsteling-idee gestem, en die wenner is op 22 Februarie 2023 by Amazink in Kayamandi aangekondig.

Die eerste prys het gegaan aan Chuma Lalendle en Sbahle Mgijima se projek Smart Trolley Recycling, wat herwinning maklik maak met 'n digitale toepassing waarmee huishoudings met vullissorteerders kan kommunikeer. Retief Louw was in die tweede plek met sy innovasie New-Queue, 'n WhatsApp-gebaseerde kletsbot wat kliniekafsprake outomatiseer. In die derde plek was Tinobokashe Ncube en Onai Mtengwa met die idee om mobiele tegnologie te gebruik om mense kostuine te help aanlê.

Boonop het SUNKOM en die Sentrum vir Pedagogie (SUNSEP) **SU Advantage** bekend gestel. Teen 'n nominale maandelikse fooi bied dié ekstraklasplatform leerders in graad 10, 11 en 12 toegang tot kort animasievideolesse én langer, intensiewer lesse oor kernonderwerpe wat leerders in elf vakke op skool behandel. Die lesse vul klasonderig aan en verduidelik wat leerders in toetse en eksamens kan verwag. Vir verdere inligting, gaan gerus na www.suadvantage.co.za.



1.11 Botaniese Tuin spog met opknappings

Die US Botaniese Tuin het aan die begin van 2023 sy nuwe kombuiskompleks in gebruik geneem. Die kompleks bedien die Katjeepering-restaurant en het plek vir 'n wegneemkoswinkel én 'n onthaalokaal. 'n Botaniese Tuin-winkel, wat as deel van ons Matiewinkel bedryf word, het ook om die hoek van die kombuiskompleks oopgemaak. Boonop word 'n nuwe ruimte tans vir die tuin se erfenisbonsaiversameling ingerig.

1.12 Maties Sport op hulle merke en gereed

Met 'n uitstekende 2022 agter die rug is Maties Sport gretig om nóg 'n jaar van sportuitnemendheid aan te pak.

Die Maroen Masjien het in die verslagtydperk aan [Universiteitsport Suid-Afrika \(USSA\) se somertoernooie](#) deelgeneem, waar ons dubbelgoud in waterpolo (mans en vroue) en goud in 3x3-basketbal verower het.

Ons studente-atlete skitter nie net op die veld nie, maar ook voor die boeke: Altesaam **62 van ons hoëprestasiespanlede het in Desember 2022 gegraduateer**.



Maties Sport se mans- en vrouewaterpolospanne wat albei goud gewen het by die USSA-somertoernooi

1.13 Sekuriteit en toegang hoofsaak vir Informatietegnologie

Ons Afdeling Informatietegnologie (IT) het 'n besige laaste kwartaal van 2022 gehad. Benewens deurlopende steun aan die SUNFin- en SUNStudent-projek het die span ook die Digitale Strategie en die kubersekeriteitsverslag afgehandel en strategiese prioriteite vir 2023 bepaal. Spesifieke inisiatiewe die afgelope ruk sluit die volgende in:

Sekuriteit

Die totale getal e-posse wat in die tydperk November 2022 tot Januarie 2023 bedreigings ingehou het, word hier onder volgens bedreigingskategorie aangedui.



IT beskik oor verskeie maatreëls om hierdie bedreigings af te weer, waaronder teenuitvissingsmaatreëls in die Microsoft-omgewing. Een van die inisiatiewe wat in die volgende paar maande geprioritiseer moet word, is die **versterking van die menslike netskans (human firewall)**. Dit sal pasgemaakte kubersekeriteitsopleiding vir studente en personeel vereis na aanleiding van die tipe voorvalle wat die gereeldste plaasvind. IT het 'n versoek vir finansiering uit die gebeurlikheidsfonds ingedien om met verkryging in dié verband voort te gaan.

Die IT-span het ook in die tweede semester van 2022 'n **kwesbaarheidskandeerder** op ons bedieners in werking gestel. Sodoende kan ons proaktief na swakplekke in ons kubersekuriteit soek en kwesbaarhede bestuur. Hoewel dit nou nog tot sentrale dienste en bedieners beperk is, is die volgende stap om hierdie funksie uit te brei na alle toestelle wat by die US-netwerk aangesluit is.

Danksy IT se toegewyde werk het ons nou boonop 'n proses om te alle tye oor twee fisiese rugsteunkopieë van kernstelselsdata te beskik. Om ons teen natuurrampe en aanvalle deur indringerware te beskerm, werk IT egter ook aan 'n **derde, wolkgebaseerde rugsteunkopie**.

Toegang

IT se gewilde nuusbrief **Bits & Bytes** (*sien langsaan*) is herontwerp, en die nuwe inhoudstrategie sal na verwagting 'n groter gehoor bereik. Die nuusbrief doen verslag oor die jongste tegnologie, gebeure op kampus, die akademiese kalender, en diensbestuurstendense. Die uitgawe van Desember 2022 getiteld "Tidy up tech before you go" is aan 37 530 persone gestuur en het 'n leessyfer van 34,9% en 'n deurkliksyfer van 1,9% aangeteken.



Ook die **landingsblad van die IT-vennootportaal is herontwerp**. Die blad strook nou met die Universiteit se korporatiewe handelsmerk en bevat gereeldeknessieskakels waarop gebruikers kan klik om makliker diensversoeke te skep. Vyf bykomende virtuele hulpkantore vir Fasiliteitsbestuur, Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking, die Sentrum vir Navorsing oor Evaluering, Wetenskap en Tegnologie (CREST), SUNFin en SUNStudent is ook bygevoeg.

Daarbenewens is die proses om **groter versoeke vir IT-dienste en -stelsels** te registreer, uit te voer en na te spoor laat verlede jaar op die Jira ServiceDesk-sagteware voltooi. Dít behoort:

- huidige en moontlike IT-projekte deur die hele Universiteit meer sigbaar te maak;
- samewerking tussen rolspelers te versterk;
- besluitneming te verbeter;
- dit moontlik te maak om US-wye tendense te identifiseer;
- akkurater opweging van funksiekoste teenoor -waarde te fasiliteer;
- dit makliker te maak om te prioritiseer waarvoor IT-hulpbronne (mense, prosesse en tegnologieë) aangewend moet word; en
- dit moontlik te maak om koördinerings- en afhandelingsverantwoordelikheid aan die regte rolspeler toe te ken.

Sowat 180 sulke groter versoeke is sedert die aanvang van die proses geregistreer, en ondanks IT se swaar werklas is sowat 30% reeds voltooi, gekonsolideer of gekanselleer.

1.14 Inligtingsoorsigbestuur

Om Internasionale Privaatheidsdag (28 Januarie) te vier, het die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur 'n instrument vir [voorlopige persoonlike-inligtingsimpakstudies](#) bekend gestel. Dít is ons eerste groot nuwe intervensie om die implementering van die Universiteit se Privaatheidsreglement van 2022 te ondersteun.

Voorlopige persoonlike-inligtingsimpakstudies (oftewel PPIA's) is 'n regulasievereiste vir die hoëwaarde- of hoërisikoverwerking van persoonlike inligting, soos in navorsing. Met die PPIA-instrument wil ons privaatheidshulpbronne toegankliker maak vir US-personeel en -studente, privaatheidsverantwoordelikhede ophelder, en dit minder veeleisend maak om aan privaatheidsvoorskrifte te voldoen. Dit behoort ook die sekuriteit en veerkragtigheid van sowel navorsings- as institusionele bedrywighede te verbeter.

Om in die toenemende behoefte aan **toegang tot nasionale HEMIS-data oor studente en personeel** te voorsien, het Inligtingsoorsigbestuur [twee toepassings](#) ontwikkel wat maklike dataopsporing en -vergelings tussen US-omgewings en met eweknie-instellings moontlik maak. Dié vermoë om akkurate vergelings met eweknieë te tref stel nou ons fakulteite en steundienstefdelings in staat om leemtes en nuwe geleenthede te identifiseer. So ver ons weet, is ons die enigste universiteit met hierdie tipe instrument en die vermoë om spesifieke datastelle vir ontleding en vergelyking uit te sonder.

1.15 Aktiwiteite in Regsdienste

Die Afdeling Regsdienste gaan voort om US-bestuurslede en -omgewings van regsbystand te voorsien, onder meer ten opsigte van die Universiteit se Kommunikasiebeleid, die Koshuisplasingbeleid, en kwessies van akademiese vryheid en vryheid van spraak.

'n Memorandum is opgestel om die bestuur op hoogte te bring van die kwessies ten opsigte van **intellektuele goedere en kopieregskending** waarvoor die US te staan kom en om 'n pad vorentoe aan te beveel. Die verhoor van die hersieningsaansoek in die **Jurie Roux/Maties Rugby-aangeleentheid** is ook in die verslagtydperk afgehandel, en die partye wag tans op die uitspraak. Boonop is Regsdienste gereed om advies en bystand te bied met enige moontlike US-optrede na aanleiding van die **Khampepe-verslag**.

Benewens gewone aangeleenthede het die **Eenheid vir Studentedissipline** verskeie hoëprofielsake hanteer, waaronder die voorvalle by Huis Marais, Helshoogte, Eendrag en die Regsdans. Met die terugkeer na klasgebaseerde assessering het gevalle van akademiese wangedrag aansienlik afgeneem. Alle dissiplinêre verhore het in hibriediese vorm plaasgevind om te sorg dat dit betyds afgehandel word. Waar beurtkrag sake bemoeilik het, het die betrokke studente die nodige bystand ontvang, waaronder data.

1.16 Nuwe ministeriële aanstelling in die Raad

Die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding het me OM Matloa vir die tydperk 1 Januarie 2023 tot 31 Desember 2026 in die US Raad aangestel.

1.17 Bevorder transformasie

Kommentaar op die eerste konsep van die **Transformasiebeleid** het op 'n behoefte aan (duideliker) definisies vir die konsepte Afrikanisasie, dekolonisasie, restitusie en transformasie gedui. Verdere werksessies en konsultasies met tersaaklike kenners en vakkundiges het in die verslagtydperk plaasgevind om omvattende dog kernagtige definisies te ontwikkel.

Die **pas gestigte Institusionele Transformasiekomitee (ITK)** is nou ten volle saamgestel nadat die Studenteraad Abongile Quthu as bykomende verteenwoordiger benoem het. Die ITK het by 'n strategiese beplanningssessie op 17 Februarie die komitee se opdrag hersien en strategiese prioriteite vir die volgende drie jaar bespreek. Die hersiene komiteeopdrag sal te geleger tyde aan die Rektoraat voorgelê word.

As deel van pogings om 'n **monitering- en evalueringsraamwerk vir transformasie by die US** te ontwikkel, is vyf temas met gepaardgaande aanwysers as prioriteite vir die volgende vyf jaar geïdentifiseer. Die temas is rassebillikheid onder senior personeel, rassebillikheid in die studentegemeenskap, transformasievaardighede, universele toegang, en akademiese transformasie. Hierdie temas sal as grondslag dien vir die inwerkingstelling van die transformasiekernprestasiagebied vir personeel.

Laastens het die Transformasiekantoor in samewerking met die Sentrum vir die Studie van die Nadraai van Geweld en die Strewe na Herstel (AVReQ) weer in mid-Februarie met die **proefprojek oor restitusie** begin. Deelnemers het aanbiedings gelewer oor hoe hulle sou wou hê die US se Eeufeesuitstalling moet lyk as deel van die Universiteit se inisiatief vir visuele regstelling. Die doel van die projek is om US-rolspelers by te staan om ons restitusieverklaring te internaliseer en volhoubaar te implementeer.

1.18 Bou die US se sosiale impak uit

Die Afdeling Sosiale Impak het met Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking saamgewerk om **video's oor van die US se sosiale-impakprojekte te vervaardig** en sodoende te toon watter positiewe invloed die inisiatiewe op die samelewing het. Dit sluit in [SLEAK in Bishop Lavis](#), 'n [samewerkingsprojek oor medisinale plante](#) tussen die US en die Kaapse Velddoktersvereniging, en [gemeenskapswelstandsgroepe in Macassar](#) wat deur ons Biokinetika-dosente en -studente aangebied word.

Ons **Sosiale Impak-kennisplatform (SIKP)** dien ook steeds as vertoonvenster van die US se verbintenis om die uitdagings van die samelewing die hoof te bied. 'n Aansienlike hoeveelheid inligting op die SIKP is aan die Sustainable Development Hub/2063 voorsien vir insluiting by die Universiteit se [jaarverslag oor volhoubare ontwikkeling](#).

1.19 Ondersteun personeel- en studentegesondheid

Die Kampusgesondheidsdiens het aan die verenigingsuitstalling vir nuwelinge deelgeneem om **inligting te versprei oor die gesondheid- en welstandsdienste** tot US-personeel en -studente se beskikking.

Die US glo voorsorg is beter as nasorg. Daarom het ons graag met die nieregeringsorganisasie Right to Care saamgewerk om gratis toegang tot die **Covid-19-entstof** op sowel Tygerberg- as Stellenboschkampus te voorsien. Higher Health-gefinansierde **hepatitis B-inentings** is ook vroeër vanjaar aan 52 mediese studente op Tygerbergkampus toegedien.

Boonop finansier Higher Health toegang tot dieetkundige dienste by KGD. Die diensaanbod sluit **persoonlike gesprekke met studente by koshuise** in. 'n Eerste sessie by Nerina het suksesvol afgeeloop. Mediese personeel van KGD het ook praatjies oor seksuele gesondheid by die Privaatstudenteorganisasie Seline en by Nerina aangebied.

1.20 Eksterne kommunikasie

US in die nuus

Die US het in die verslagtydperk goed gevaar in die media, hoewel die reses wel die syfers beïnvloed het.

Market IQ is sedert 1 Januarie ons nuwe diensverskaffer vir mediamonitoring. Hulle gebruik 'n 'impakpuntestelsel' genaamd **MIQIScore** om ons mediadata te vertolk. Die stelsel neem die reikwydte van ons kommunikasie (gehoorgrootte), die toon/tonaliteit (of sentiment) van berigte én die klem van berigte in ag. Ons het 'n punt van 3,29 uit 5 behaal. Enigiets bo 3 word as goed beskou.

Die US het in Januarie die **tweede meeste nuusbrokkies** van alle universiteite opgelewer. In fakulteitsverband was **Ekonomiese en Bestuurswetenskappe** die afgelepe paar maande die voorloper.

Die algemene sentiment teenoor die US, te oordeel na die dekking wat ons ontvang het, was in November en Desember meestal positief en neutraal. In Januarie het dit effens verskuif na meestal neutraal (52%) en positief (40%), wat deels die gevolg kon wees van berigte oor 'n beweerde 'verbod' op Afrikaans in koshuise.

Hier onder is van die **institusionele nuus** waaroor die media berig het:

- [US betreur heengaan van prof Christo Viljoen](#)
- [Tiervlei-gemeenskap en die US beraadslaag oor die Hardekraaltjie restitusie- en herdenkingsprojek](#)
- [SU-UIC keur vrystelling van 2022 IEB-ISC uitslae goed: "Afrika se eerste internasionale skoolverlaterskwalifikasie](#)
- [Cameron-versameling bekend gestel en gereed vir gebruik in US Biblioteek](#)
- [De Oliveira en Moyo ontvang Duitse Afrikatoekenning 2022](#)
- [US klim verskeie plekke op wêreldreputasieranglys](#)

Wat **kwessiebestuur** betref, het die Universiteit onder meer op die volgende aangeleenthede gereageer:

- [US bevorder en ondersteun meertaligheid](#)
- [US Taalbeleid bly onveranderd in ooreenstemming met goeie oorsigbestuur en bestuurspraktyk en nie as gevolg van politieke druk](#)
- [Dissiplinêre Appèlkomitee handhaaf Theuns du Toit se skorsing](#)

Die volgende is 'n keur van die **navorsingsverwante mediaverklarings** wat in die afgelope paar maande uitgereik is:

- [Privaat, gemeenskaplike grondeienaars benodig meer ondersteuning om renosters te beskerm](#)
- [US-wetenskaplikes eerste om nuwe 'kraken' Covid-variant in SA op te spoor](#)
- [Ouers vermoor soms hul kinders om wraak te neem](#)
- [Geld moet meer doeltreffend aangewend word om indringerplante in SA te beheer](#)
- [Slim Boerderysentrum aan die Universiteit Stellenbosch open](#)

As deel van die **Desember-gradeweek** het ons 'n aantal inspirerende verhale vertel, waaronder die volgende:

- [Sielkundestudent oorkom angs en behaal meestersgraad](#)
- [Vier susters gradueer in een week](#)
- [Vasberadenheid en uithouvermoë help Dowe onderwyser sy droom bewaarheid](#)
- [Dr Zweig se lang pad na sukses](#)
- [Jong doktor laat haar nie deur diabetes onderkry nie](#)

In samewerking met Regsgeleerdheid sowel as Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het die Harvard-regsfakulteit se Instituut vir Globale Reg en Beleid in Januarie sy internasionale akademie vir regsgeleerdes (GSA) op Stellenbosch aangebied. 'n Aantal berigte het uit dié geleentheid voortgespruit, onder andere die volgende:

- [Harvard se gesogte Instituut vir Globale Reg en Beleid en die US wil volgende generasie navorsers inspireer](#)
- [US verwelkom 100 regsgeleerdes vir Global Scholars Academy](#)
- [SA regering vermy sy menseregteverpligtinge teenoor vlugteling – GSA-sprekers](#)
- [Regter Nambitha Dambuza vra vir 'n hersiening van Suid-Afrika se verpligte minimum vonnisoplegging](#)

Ons akademiese personeel gaan voort om die US se navorsing vir eksterne gehore toeganklik te maak deur **denkleierskapstukke** vir The Conversation Africa (TCA) te skryf. Sewentien van ons personeellede het in die verslagtydperk 21 artikels die lig laat sien, wat gesamentlik net meer as 485 000 keer gelees is.

Volgens MarketIQ se mediamonitoring van individue by die US het 538 mediabrokkies in Januarie na die Universiteit se **menslike kapitaal** verwys. Dít word as 'n belangrike bydraer tot mediadekking beskou, veral in die subkategorie "Navorsing en innovasie".

Boonop het die US se personeel en studente weer heelwat **meningsartikels, hoofartikels en rubrieke** geskryf. (*'n Lys is aan die einde van hierdie bylaag te kry.*) Ons het die media ook van **kennerslyste** voorsien om kommentaar te lewer op Wêreldkankerdag (4 Februarie), die Staatsrede (9 Februarie), die Internasionale Dag vir Vroue en Dogters in die Wetenskap (11 Februarie) en die Minister van Finansies se begrotingstoespraak (22 Februarie).


Sosiale media

Volgens ontledings vir Desember 2022 en Januarie 2023 het ons sosialemedia-inhoud 'n **reikwydte van bykans 24 miljoen** gehad. Dít het tot heelwat skakeling gelei, met meer as 300 000 interaksies.

Die **sosialemediasentiment** teenoor die Universiteit in Desember was 87% positief, hoofsaaklik as gevolg van plasings oor die Desember-gradeweek en die reuse-aronskelk in ons Botaniese Tuin wat blom. Die aankondiging in Januarie dat Matt Proudfoot hom as konsultanthoofafrigter by Maties Rugby sal aansluit, het heelwat tot positiewe sentiment bygedra, nes ons nuwelingeerstejaars se aankoms op kampus.

Die **gewildste plasings** op ons platforms het 'n wye verskeidenheid onderwerpe gedek, maar deurgaans 'n boodskap van diversiteit, innovasie en uitnemendheid uitgedra. Die plasings wat in Desember die beste gevaar het, was dié oor die gradeweek, toppresterderstudente, die US wat 'n eredoktorsgraad aan prof Ernest Aryeetey verleen het, en Stephan van der Merwe van die Regskliniek wat sy LLD verwerf het. Die plasing oor die onwelriekende reuse-aronskelk wat in vol blom staan in ons Botaniese Tuin het meer as 134 000 mense op Facebook bereik.

Die internasionale akademie vir regsgeleerdes (GSA) wat ons vroeg in Januarie in vennootskap met Harvard-regsfakulteit aangebied het, het 'n reikwydte van meer as 280 000 op Facebook gehad. 'n Plasing oor Qiniso Ngiba, 'n magistergraduatus in Chemiese Ingenieurswese, wat as een van die twee Suid-Afrikaanse weners van die Blue Sky-innovasietoekenning vir jong navorsers aangewys is, het op sy beurt meer as 56 000 mense op Facebook en LinkedIn bereik. 'n Video oor die sosiale-impakprojek SLEAK in Bishop Lavis het ewe goed op Facebook en LinkedIn gevaar.



Sosialemediaplasinge oor prof Ernest Aryeetey wat 'n eredoktorsgraad ontvang het (links), die reuse-aronsekel (middel) en die SLEAK-projek (regs)

1.21 Geleentheidspesifieke kommunikasie

Kommunikasie en bemerking met betrekking tot US-geleentehede het die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemerking 'n bedrywige paar maande besorg.

As deel van die **jaarlikse verwelkomingsprogram** het die Afdeling in Februarie die kommunikasieveldtog #helloMaties op verskeie platforms bekend gestel. Een van die hoofelemente van die veldtog was die ontwerp van 'n [Welkom Maties-webblad](#), waar voornemende studente maklike toegang kon kry tot volledige inligting oor die verwelkomingstydperk, studentesteundienste en ander kampusverwante aspekte. Die blad is gedurende die verwelkomingstydperk 70 038 keer besoek. Sosialemediaplasinge gedurende die verwelkomingstydperk het 'n reikwydte van sowat 10 000 gehad. Boonop het die Afdeling se geleentheidskoördineringspan handjie bygesit om Studentesake die amptelike verwelkomingsgeleentheid te help beplan, reël en bestuur. Dit het uit 'n voorafbyeenkoms, die formele program, die amptelike lugfoto vir 2023 én die Droomloop bestaan, waarna studente en hulle ouers na die Rooiplein begelei is vir 'n verskeidenheid vermaak en aktiwiteite by die Droomfees, waarvoor MySpace as borg opgetree het.

Die Afdeling het ook die [webblad oor registrasie en studentegeld](#) herontwerp voordat dit op 13 November 2022 geaktiveer is. Dié blad het in die verslagtydperk sowel nuweling- as terugkerende studente van akkurate en gebruikervriendelike inligting voorsien oor die registrasieproses, klas- en koshuigeld, beskikbare betaalmetodes, die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS), en hoe om 'n afspraak met ons administratiewe personeel te maak. 'n Totaal van 59 447 unieke besoekers het van November 2022 tot Februarie 2023 altesaam 194 660 keer na die blad gekyk. Ons sosialemediaplasinge waarin ons die skakel na die blad voorsien het, het 'n reikwydte van 50 000 op Facebook en meer as 17 000 op Instagram gehad.

Gradeweek is 'n hoogtepunt op die Universiteit se kalender, en Korporatiewe Kommunikasie en Bemerking behartig altyd 'n **geïntegreerde kommunikasieveldtog oor die gradeplegtighede** om die logistieke reëlins te kommunikeer en met gegradeerdes se prestasies te spog. Die gradeplegtigheidswebblad vir Desember, wat gereeld met die jongste inligting bygewerk is, het in die weke tot en met die gradeweek 71 375 besigtigings aangeteken. Alle plegtighede is regstreeks oor die internet uitgesaai en is meer as 47 409 keer gekyk. Nuusbriewe oor die logistieke reëlins is vooraf aan graduandi gestuur, en 'n spesiale grade-uitgawe van die nuusbriewe *nuus@StellenboschUni* is intern


versprei. Nuusberigte op die US-webtuiste, sosialemediaplatforms en in die plaaslike en nasionale media het ook van ons gegradeerdes se prestasies vertel (*raadpleeg paragraaf 1.20*).

Die Sentrum vir Sosiale Geregtigheid het die US se vierde **sosiale geregtighedslesing** op 21 Februarie ter viering van die Wêrelddag vir Sosiale Geregtigheid aangebied. Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking het help bemark aan die geleentheid, waar regter Albie Sachs die hoofspreker was.

Laastens het Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking ook alle reëlins behartig vir die **gedenkdiens van wyle Ainsley Moos**, ons Raadsvoorsitter, wat op 17 Februarie 2023 in die Kruiskerk gehou is.

1.22 Uitmuntende kliëntediens gedurende registrasie

Soos die grafiek hier onder toon, het die getal inkomende oproepe en e-posse gedurende registrasie van inname 2021 tot 2023 met bykans 100% toegeneem. Dít kan toegeskryf word aan die implementering van die US se nuwe studente-aansoekstelsel en 'n toename in studente wat 'n studieaanbod van die Universiteit ontvang het. Die agente in ons Kliëntekontaksentrum en administratiewe personeel het hulle egter nie van stryk laat bring nie en alle e-posse, oproepe en persoonlike konsultasies bedrewe hanteer.



Daarbenewens het die Universiteit in 2022 'n kletsbot bekend gestel. Sowat 22 468 kliënte het vanjaar die bot gebruik, wat tot 213 870 individuele teksgesprekke en 3 265 terugbelversoeke gelei het. Dít het natuurlik 'n enorme impak op dienslewingsvermoë gehad.

1.23 *Matieland* dink nuut oor die toekoms

Die jongste uitgawe van [Matieland](#), ons bemakingstydskrif, het teen die einde van 2022 verskyn. Die artikels draai om die tema “Herbedink die toekoms” en toon hoe die US-gemeenskap 'n beter toekoms help skep. Die tydskrif bekyk onder meer die Universiteit se volhoubaarheidswerk, ons betrokkenheid by wêreldwye klimaatsveranderingsinisiatiewe, nuwe senior aanstellings, en die toekoms van sogenaamde stukwerk (*gig work*).



1.24 *Siyakhula Live* amptelik die beste aandprogram

Siyakhula Live, wat weekliks op MFM 92.6 uitgesaai word, is in November 2022 by die Suid-Afrikaanse Radiotoekennings in Johannesburg as die land se beste aandprogram op 'n kampus- en gemeenskapsradiostasie aangewys. Dit is 'n groot prestasie vir die *Siyakhula Live*-span, waaronder aanbieder en programbestuurder Katlego Letlonkane (*op die foto langsaan*) en vervaardiger en PhD-student Tebogo Radebe. Die program bestaan uit gesprekke oor diversiteit en transformasie.



1.25 Woordfees en US Koor

Die 23^{ste} **Toyota US Woordfees** vind van 7 tot 15 Oktober 2023 plaas. As gevolg van die impak van beurtkrag op kykergetalle word die derde Woordfees op TV egter uitgestel totdat kragvoorsiening weer stabiliseer.

'n Ander Woordfeesprojek, **Woorde Open Wêreld (WOW)**, vier vanjaar sy 20ste bestaansjaar. Dié bemagtigingsprogram, wat taal, letterkunde en die kunste gebruik om leerders se horisonne te verbreed, sal in die Wes-, Noord- en Oos-Kaap sowel as in die Vrystaat en Gauteng aangebied word. Ooreenkomste is met die onderwysdepartemente van die onderskeie provinsies onderteken.

Uit meer as 700 oudisieaansoeke is 72 nuwe lede gekies om hulle by die **US Koor** aan te sluit. Die internasionaal bekroonde koor het op 20 Februarie die volkslied by die Varsitybekerwedstryd tussen die US en die Universiteit van Kaapstad gesing. Hulle eerste galakonsert van die jaar vind op 1 Mei in die opera-ouditorium by Kunstekaap plaas.

1.26 Taalsentrum 'neem beheer' oor meertaligheid



Die US Taalsentrum het in November 2022 amptelik die woord 'meertaligheid' in die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT) gekoop (*sien sertifikaat langsaan*). Sodoende ondersteun hulle nie net die woordeboek se werk om Afrikaans verder uit te bou nie, maar bevorder somer die Universiteit se meertaligheidsbeleid daarby.


Om daad by die woord te voeg, bied die Taalsentrum Xhosakursusse op sowel beginner- as gevorderde vlak vir personeel aan. Vanjaar se eerste twee aflewings van die beginnerkursus ([Masabelane A1](#)) was reeds in Januarie volbespreek. Die heel eerste aflewering van die gevorderde kursus ([Masabelane 2A](#)) is in die tweede semester van 2022 aangebied, en die terugvoer was besonder positief.

TEMA 2: 'N TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING

[Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) sê die volgende oor hierdie tema: “[Ons] wil ... toesien dat die US toeganklik is vir kwalifiserende studente uit alle agtergronde, met inbegrip van studente wat hindernisse vir deelname aan universiteitsonderwys ervaar. Ons beskou dit as 'n reis – van ons eerste kontak met voornemende studente totdat hulle afstudeer en die rol van alumni vervul.” Die skep van 'n transformerende studente-ervaring behels ook “die voorsiening van groeigeleenthede aan alle voor- en nagraadse studente, wat insluit leiding, steun en dienste deur die US om studentesukses te verseker”.

2.1 Eerstejaarkoshuisplasinge

Die rasseprofiel in ons eerstejaarskoshuise het oor die afgelope sewe jaar al hoe meer divers geword (*sien grafiek hier onder*). Bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër- (BSIA-)studente in die koshuis het met byna 30% toegeneem. Ons is tevrede dat ons vanjaar ons mikpunt van 50% BSIA-eerstejaars in ons koshuise gehaal het.



2.2 ResEd-werksessies

Residensiële onderwys- (ResEd-)werksessies het van 4 tot 10 Februarie in alle koshuise plaasgevind (*op foto regs*). Die handleiding vir ResEd-fasiliteerders is bygewerk om met die Universiteit se nuwe handelsmerkvereistes te strook. Daarbenewens behandel die handleiding nou ook nuwe onderwerpe na aanleiding van die unieke uitdagings wat US-studente ondervind. Dit sluit in “Hoe om saam te woon”, “Die drinkkultuur en kampuslewe” en “Hoe om empatie te hê”.



2.3 Studente skryf vir verandering

Negentien voorgraadse studente het die proefprogram Skryf vir Verandering in 2022 voltooi. Dié samewerkingsprojek tussen ons Transformasiekantoor, Eenheid vir Gelykwaardigheid en die Skryflaboratorium rus studente met die nodige skryfvaardighede toe om jong openbare kommentators te word. Die doel is dat hulle uit ’n studente-oogpunt oor transformasie en sosiale geregtigheid sal skryf.

Die blogplasinge van die proefgroep is op die Transformasiekantoor se webblad geplaas. ’n Nuwe groep studente is gewerf vir die volgende aflewering van die 12 weke lange program, wat in mid-Maart ’n aanvang geneem het.

2.4 Sosiale Impak-gemeenskapsoggend wys studente hoe betrokke burgerskap lyk

As deel van die verwelkomingsprogram het die Afdeling Sosiale Impak en die Sentrum vir Studentegemeenskappe op 9 Februarie die jaarlikse Sosiale Impak-gemeenskapsoggend vir meer as 5 000 nuwe Matiestudente aangebied. Die byeenkoms het studente weer verskeie geleenthede gebied om die eerste keer werklik met hulle gemeenskapsvennote vir die jaar te skakel. Onder die inisiatiewe was 'n spekboomplant-aktiwiteit, 'n hernubare-energieprojek met Ingenieurs Sonder Grense, en opvoedkundige spel by 'n plaaslike bewaarskool. Alle aktiwiteite was toegespits op 'n bepaalde behoefte of uitdaging wat die gemeenskap self geïdentifiseer het.

2.5 'n Meer studentegerigte verwelkomingsgids vir nuwelinge



Vanjaar se nuwelinge het baat gevind by 'n [herontwerpte verwelkomingsgids](#) met eenvoudige taal en 'n aantrekliker, studentegerigte ontwerp en uitleg. Die gids stel studente bekend aan ons universiteit se missie, visie en waardes, Studentesake se Transformasiehandves en -belofte, en die diensaanbod van Studentesake se sentrums en eenhede.

Met die hersamestelling van die gids wou ons die etos van die Universiteit duideliker kommunikeer en veral ook enige moontlike misverstand dat die Universiteit menseregteskendings sal duld summier uit die weg ruim.

Altesaam 5 500 eksemplare van die gids is aan die begin van die verwelkomingsprogram onder alle nuwelinge in die US se koshuise en pendelstudentegemeenskappe versprei.

2.6 Leer studente die #leweistaal

Die Taalsentrum het 'n toegespitste reklameveldtog aangebied vir sy **oorlewingstaalkursusse**, wat plaaslike studente op kampus toegang bied tot klasse in basiese [Afrikaans](#) en [Xhosa](#) (*sien foto's van die advertensies hier onder*). Vanjaar se kursusaanbod, wat onder die hutsmerk #leweistaal bemark is, het in Februarie en Maart begin. Boonop is die Forum vir Kritiese Gesprek gebruik om gesprekke oor meertaligheid met studente en studenteilers te fasiliteer.



Selfs ons **internasionale studente leer baie vinnig die waarde van meertaligheid**. 'n Groep van die Franse bestuurskool [SKEMA](#) het gedurende hulle tyd by die US in die tweede semester van 2022 'n taallerreis aangepak. Die hele groep het die Taalsentrum se program English for Academic Purposes

(EAP) voltooi om akademiese Engels behoorlik onder die knie te kry. Terwyl hulle op Stellenbosch was, het party ook die Taalsentrum se Xhosakursus vir beginners bygewoon en [merkwaardige vordering gemaak](#), terwyl ander weer die [beginnerkursus in Afrikaans](#) gevolg het.

'n Nuwe SKEMA-groep is reeds by die US om die eerste semester van 2023 by ons deur te bring en sal dieselfde taalkursusse voltooi.

2.7 Bevorder akademiese geletterdheid

Studente van die fakulteite AgriWetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Ingenieurswese, Natuurwetenskappe sowel as Teologie het in die tweede semester van 2022 baat gevind by [modules in akademiese en professionele geletterdheid](#). Sowat 85% van die studente het die modules suksesvol voltooi.

2.8 Tegnologiegesteunde assesserings

Aansienlik minder aanlyn eksamens het in 2022 plaasgevind namate ons van nood- en aangevulde afstandsonderrig, -leer en -assessering (ERTLA en ARTLA) na klasgebaseerde assessering teruggekeer het. Alle aanlyn eksamens wat nog op SUNLearn geskeduleer was, is in die verskillende rekenaargebruikerareas (RGA's) op Stellenbosch- en Tygerbergkampus afgelê. Die toegewyde Outlook-kalender vir SUNLearn-assesserings is weer gebruik om eksamenbesprekings in die RGA's te bestuur.

2.9 Studente-opleiding deur Eenheid vir Gelykwaardigheid

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid se opleidingsessies vir koshuisstudente, studentementors, leiers en die SR het in die verslagtydperk oor geslagsgebaseerde geweld, vooroordeel, MIV, inligting- en steundienste vir die LGBTQIA+-gemeenskap sowel as ingeligte toestemming gehandel. Die sessies, wat ook aanbiedings gedurende die verwelkomingsprogram ingesluit het, het 2 018 studente bereik.

2.10 US verwelkom rekordgetal internasionale studente

'n Rekordgetal van 650 internasionale studente het op 6 Februarie by 'n verwelkoming- en oriënteringssessie van US Internasionaal byeengekom om hulle semester as Maties te begin. Die studente kom van lande soos Frankryk, Duitsland, Switserland, België, Nederland, Swede, Noorweë, Slowenië en die Verenigde State. Die US maak weer gebruik van die Matie Buddy-stelsel, wat plaaslike studente aanwys om hulle internasionale eweknieë by die lewe op Stellenbosch te help aanpas.

2.11 Studenteleiers ontvang noodhulp-opleiding

Kampussekuriteit het gedurende die verwelkomingstydperk met Stellenbosch Munisipaliteit, en in die besonder met rdl Carli van Wyk, 'n voormalige voorsitter van ons SR, saamgewerk om studentelede van ons koshuisveiligheidskomitees in noodhulp op te lei. Die opleiding het studentegemeenskappe met die nodige vaardighede toegerus om bystand te verleen in mediese en ander noodgevalle.

2.12 Innovus-gefinansierde platform sal werkloosheid onder graduati help verlig

Gradlinc, 'n innoverende loopbaanontwikkelingsplatform vir graduati, is by die aanvang van die Desember-gradeweek bekend gestel. Die uitvinding, wat met Innovus-finansiering ontwikkel is, is 'n broodnodige oplossing om werkgewers, graduati en universiteite op 'n landwye wolkgebaseerde platform met mekaar te verbind. Die unieke algoritme van die platform sorg dat werkgewers se posvereistes en graduati se vaardighede perfek by mekaar pas. Sowat 400 studente en 26 ondernemings

het tot dusver geregistreer. Eweknie-instellings wat by die platform wil aansluit, sal by die volgende fase ingesluit word.

2.13 Rus studente toe om betrokke burgers te wees

Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe is die eerste fakulteit wat die module Medemenslikheid vir sy eerste- en tweedejaarstudente aanbied. Die module is deur ons Sentrum vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Opvoeding en Burgerskap (SSLEOB) ontwikkel. Aan die hand van sewe temas (konteks, geskiedenis, wetenskap en tegnologie, gesondheid, die reg, indompeling, en burgerleierskap) ontvang studente 'n ervaringsleergeleentheid om komplekse wêreldkwessies te ondersoek en te leer hoe ontwerpdenke en sosiale entrepreneurskap 'n florerende burgery kan skep.

TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE

Hierdie tema word soos volg in [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) beskryf: “As deel van ons missie, het ons by die US ons bereid verklaar om die wêreld rondom ons deur samewerking te beïnvloed en te verander, en self ook verandering te omarm en daarop te reageer. Die kern van ons missie is dat wat in die wêreld gebeur ons navorsing, ons onderrig en leer sowel as ons skakeling rig, en dat wat by ons universiteit gebeur vir die wêreld van belang is. As 'n universiteit, is ons verbind tot Suid-Afrika en Afrika. Terselfdertyd is ons terdeë bewus van ons rol in en verbondenheid aan die internasionale arena. Om te inspireer én geïnspireer te word, sal die US skakel en saamwerk met belanghebbendes, die gemeenskappe wat ons bedien, die bedryf, die regering en ons universiteitsvennote in plaaslike, streeks-, vastelands- en wêreldverband. Ons benadering tot samewerking en skakeling strook met ons waardes, met spesifieke verwysing na respek, deernis en billikheid.”

3.1 US Museum reik uit en raak betrokke

Die US Museum het op 9 November sy laaste **Woensdag-kunsrondleiding** vir 2022 aangebied. Die tema was inligtingsontwerp. Studente, personeellede en ander gaste het nagedink oor visuele geletterdheid en oor hoe visuele waarneming ons vertolking van die wêreld om ons beïnvloed.

Die Museum het ook later daardie maand **die dokumentêr *Everything Must Fall* vertoon**. Die prent bied 'n eerlike blik op die beweging #FeesMustFall, wat in 2015 begin het as 'n protesaksie teen die koste van hoër onderwys, maar gou in die militantste nasionale opstand sedert ons land se eerste demokratiese verkiesing in 1994 ontaard het.

3.2 Voorgestelde samewerking met Xhosa Koninklike Raad

Die Xhosa Koninklike Raad het die US die afgelope tyd twee keer besoek om moontlike samewerking met die Afdeling Sosiale Impak en die e'Bosch-erfenisprojek te ondersoek. Hulle wil graag met hoëronderwysinstellings saamwerk om die Xhosa-koninkryk te herbou deur hulle geskiedenis na te vors en te dokumenteer, Xhosa-leiers se leierskapsvaardighede te bou, en projekte vir die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van hulle gebiede te ondersteun. As 'n welwillendheidsgebaar het elf US-personeellede en lede van e'Bosch die Oos-Kaapse dorp Chافتweni op 29 November 2022 besoek om die kroningsplegtigheid van hoofman Ndabele Bangisizwe Mtoto van die Xhosa Koninklike Raad by te woon.

3.3 Ooreenkoms om internasionale diensleersimposium voort te sit

Ons Afdeling Sosiale Impak is besig met 'n proses om 'n memorandum van verstandhouding met die E.S.P.R.I.T.-ambagskampus in Redon, Frankryk, en die Universiteit van Indianapolis se Sentrum vir Diensleer en Gemeenskapskakeling te onderteken. Die ooreenkoms fasiliteer die voortsetting van die

Internasionale Simposium oor Diensleer, wat elke twee jaar op verskillende plekke wêreldwyd gehou word. Dit is in 2005 en 2013 op Stellenbosch aangebied.

3.4 Sosiale Impak doen voorlegging aan SCAN

Die Afdeling Sosiale Impak het 'n aanbieding oor betrokke burgerskap, betrokke akademieskap en die Sosiale Impak-kennisplatform gelewer by 'n vergadering van SCAN, die Stellenbosse netwerk vir burgerlike voorspraak. Dié skakelingsgeleentheid het ons boonop 'n beter begrip gegee van die SCAN-werkgroepe en van hoe die US met die oog op toekomstige sosiale-impakprojekte sinvoller bande kan smee.

3.5 Kyk terug én bou 'n nuwe toekoms saam met Ou Lückhoff

Sosiale Impak het op 17 Desember 2022 die **bekendstelling van 'n boek deur die klas van 1969 van die Ou Lückhoff-skool** help fasiliteer. Die boek bevat onder meer oordenkings oor die destydse gedwonge verskuiwings uit Andringastraat. 'n Groot getal Lückhoff-alumni en voormalige onderwysers het die geleentheid bygewoon.

Die **Ou Lückhoff-beheerraad** het op sy beurt op 31 Januarie 2023 die eerste keer amptelik vergader om belangrike besluite oor die toekoms van die gebou te neem. Die fasiliteit is deesdae heelwat besiger met basiese onderwys en opleiding vir volwassenes bedags, matriekklasse saans, en wiskundeklasse vir graad 11's oor naweke. 'n Nuwe program in wiskundige geletterdheid, rekenaargeletterdheid en leesvaardighede het ook op 7 Februarie begin.

3.6 Kampusgesondheidsdiens deel kennis met ander

Dr Craig Thompson, direkteur van ons Kampusgesondheidsdiens (KGD), het by die onlangse **konferensie van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kampusgesondheidsdienste** 'n aanbieding gelewer oor die veelsydige toepassing van die MaRoon (Maties Risk of Non-communicable disease) - gesondheidspaspoort by 'n tersiêre instelling. Hy het beskryf hoe die instrument by die US gebruik word om leefstylsiektes (waaronder geestesgesondheidskwessies) te identifiseer en oor tyd te monitor en om 'n oorsig van gesondheid en welstand by ons instelling te bied. Boonop stel die ingeboude algoritmes KGD en ander diensverskaffers in staat om vroeë intervensies van stapel te stuur.

Dr Jo-Anne Kirby, ook van KGD, was op haar beurt een van die aanbieders van 'n **kursus in Gevorderde Onmiddellike Sorg in Rugby (AICIR)**. Die kursus is landwyd onder die beskerming van die Suid-Afrikaanse Rugbyunie in samewerking met Wêreldrugby aangebied, en dr Kirby het deelgeneem in haar hoedanigheid as 'n geakkrediteerde mediese opleier vir Wêreldrugby. Hierdie verhouding stel die KGD ook in staat om vrywilligerstudente intern op te lei en in 2023 vlak 1-bystandsdienste by kampusrugbywedstryde te verleen.

3.7 Tegnologievennootskappe

Die US se benadering tot aanlyn en hibriediese leerontwerp word ver buite ons instelling as 'n voorbeeld van goeie praktyk beskou. Dít was weer duidelik toe ons **Hibriediese Leer-span** genader is om bystand te verleen aan [OBREAL Global](#) en akademiese personeel van die Fakulteit AgriWetenskappe om 'n internasionale massiewe oop aanlyn kursus (MOOC) te ontwikkel.

Ook op tegnologiegebied werk die **Afrika Digitale Universiteitsnetwerk (ADUN)** in ons Sentrum vir Leertegnologieë (SLT) sy aan sy met [AHEEN, die Afrikanetwerk vir hoër onderwys in noodomstandighede](#), om steun te bied aan diegene wat in Afrikavlugtelingkampe leer en studeer. Om die daaglikse ervarings van studente in hierdie kampe beter te verstaan, het 'n SLT-ADUN-

verteenwoordiger teen die einde van November 2022 die Kakuma-vlugtelingkamp in Kenia besoek. Die insigte wat daar verkry is, sal ons meer relevante en gepaste digitale steunkursusse help saamstel en aanbied vir dosente wat vlugteling in kampe bystaan.

3.8 Bou bande om eensgesindheid te bevorder

Personeel van ons Eenheid vir Gelykwaardigheid het die konferensie van die **nasionale praktykgemeenskap oor gender en geslagsgebaseerde geweld by universiteite** help koördineer. Die praktykgemeenskap bestaan uit beroepslui van universiteite deur die hele land. Benewens die US, het die universiteite van Kaapstad en Wes-Kaapland, Rhodes-universiteit en Nelson Mandela Universiteit afgevaardigdes gestuur. Dít was die eerste keer wat die konferensie in Kaapstad aangebied is.

Ná die rassevoorval in Mei 2022 by Huis Marais het [HEARTLINES](#), 'n sentrum sonder winsoogmerk wat goeie waardes bevorder, ons Afdeling Studentesake genader om hulle hulp aan te bied. Ons het gevolglik met hulle saamgewerk om die inisiatief "Wat's Jou Storie?" van stapel te stuur. Die projek het studente en personeellede in staat gestel om 'n **gevoel van samehorigheid te ontwikkel, en te voel dat hulle as individue erken en waardeer word**. Deelnemers het geleer om na mekaar se verhale te luister en ons medemenslikheid te respekteer.

3.9 Brei ons vennootskapsnetwerk uit


Die US en die **Universiteit van Groningen** (Nederland) het die afgelope twee jaar doelbewus hulle strategiese vennootskap uitgebou. 'n Afvaardiging van Groningen onder leiding van hulle universiteitsvoorsitter, prof Jouke de Vries, het ons in Desember 2022 vir twee dae besoek. Eweknieë van die twee instellings het van dié geleentheid gebruik gemaak om moontlike gebiede vir samewerking te bespreek.

Ons het ook laat verlede jaar 'n afvaardiging van die **Universiteit van Warwick** (Verenigde Koninkryk) onder leiding van prof Mike Shipman, Warwick se viserektor vir internasionale sake, ontvang. Die doel van die besoek was om te gesels oor multilaterale samewerking, finansieringsgeleenthede vir samewerkingsprojekte, en virtuele navorsingswerksessies op gemeenskaplike gebiede van uitnemendheid. Hoewel die twee instellings al op verskeie vlakke saamgewerk het, het hulle nog nooit 'n formele ooreenkoms aangegaan nie. Die besoek was dus ook 'n geleentheid om 'n amptelike memorandum van verstandhouding te onderteken.

3.10 Sport as 'n platform vir gendergesprekke

Ilhaam Groenewald, hoofdirekteur van Maties Sport, en dr Nana Adom-Aboagye, die waarnemende hoof van die Sentrum vir Sportleierskap, het in November 2022 na Nieu-Seeland gereis vir sakevergaderings en om die **8^{ste} Wêreldkonferensie van die Internasionale Werkgroep oor Vroue en Sport** by te woon. Die geleentheid, wat uit meer as 220 sessies en bykans 500 internasionale sprekers bestaan het, was die grootste byeenkoms ter wêreld om genderbillikheid en billikheid in sport en fisiese aktiwiteit te bevorder. 'n Plakkaataanbieding deur dr Adom-Aboagye is by die konferensieprogram ingesluit.


In dieselfde trant het Maties Sport vanjaar se nuwelingeerstejaars aangemoedig om SuperSport se veldtog #HereForHer te ondersteun en in 2023 **vroue in sport te vier** (*sien pamflet hier onder*).




**MATIES
SPORT**

#MATIESCELEBRATEWOMEN


Globally, women and girls in sport have made history, including taking our seats at the table, ensuring representation as well as inclusion during decision-making processes.




Women's sport remains our priority, and 2023 holds many promises that can only be achieved with hard work, commitment, and passion.



We hope that you will join Maties Sport and add to our continued tradition of student-athlete excellence, on and off the field of play!



SuperSport has declared their #HereForHer campaign which celebrates Women in Sport in 2023 and we hope that as freshers (male and females alike), you will support this call to action for South African sport!



TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER

Volgens [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) behels hierdie tema die volgende: “Die US pak hiermee ’n reis van genetwerkte en samewerkende onderrig en leer aan deur leergemeenskappe te skep waar studente, personeel en alumni sinvolle leer kan ervaar. Die Universiteit bevorder ’n leergerigte benadering tot onderrig, met die klem op leer as ’n vennootskap, wat studente as medeskeppers van kennis en leeromgewings beskou. Binne ’n leergerigte benadering werk onderrigaktiwiteite kennisbou in die hand en word studente aktief by hulle eie leer betrek.

“Die Universiteit het ook ’n holistiese begrip van onderrig en leer, wat individuele sowel as sosiale voordele insluit. Die US se onderrigpraktyke is diep veranker in, word gevorm deur en reageer op die omgewings waarin dit plaasvind. Hierdie benaderings rig die Universiteit as ’n leerorganisasie, wat die ontwikkeling van leergemeenskappe onder studente, personeel en alumni in verskillende konfigurasies moontlik maak. Genetwerkte en samewerkende leer skep ’n omgewing wat intellektuele weetgierigheid aanmoedig, synde ’n noodsaaklike vaardigheid vir volgehoue kritiese en kreatiewe denke.”

4.1 Hibriediese leer brei onderrigreikwydte uit

’n Aantal **nuwe of herontwerpte hibriediese-leer- (HL-)programme** word in die eerste semester van 2023 geïmplementeer. Studente wat reeds kontakblokke op kampus en aanlyn webinarreeks bygewoon het, is oor die algemeen positief oor die ervaring as die US se nuwe HL-studente. Kyk [hierdie video](#) vir ’n oorsig van sommige van die nuwe HL-aanbiedinge wat vanjaar bekend gestel word.

’n Versoek vir nóg nuwe HL-programme is in Februarie aan fakulteite gestuur.

In die lig van die aansienlike reikwydte en gepaardgaande reputasie-impak van ons HL-aanbod, sal alle StellenboschX-kursusse – soos ons hibriedese programme bekend is – aan 'n **interne gehalteversekeringsproses** onderwerp word. Personeellede wat by die proses betrokke is, sal ook leiding en professionele bystand van die HL-span ontvang. Terselfdertyd word 'n HL-ondersteuningsmodel vir die langer termyn ontwikkel.

4.2 Aanlyn tolking ondersteun onderrig

Die aanlyn [tolkdienste](#) van die Taalsentrum is in 2022 doeltreffend met kontakonderrig en -leer gekombineer om logistieke en vermoëbeperinge te bowe te kom. Hierdie praktyk sal in 2023 voortduur. Altesaam 1 780 lesings in agt van ons fakulteite is verlede jaar getolk.

4.3 Skryfkonsultasies voeg waarde toe

Die Taalsentrum se [Skryflaboratorium](#) sal vanjaar sy dubbele aanbiedingsmetode vir studenteskryfkonsultasies voortsit. Studente het toegang tot gratis skryfkonsultasies in Afrikaans, Engels of Xhosa in hetsy kontak- of aanlyn vorm.

Die konsultante wat hierdie sessies fasiliteer, is nagraadse studente wat jaarliks aangestel word. Altesaam 35 skryfkonsultante uit nege fakulteite is vir 2023 aangestel en opgelei.

Die aanlyn metode is vir baie studente geriefliker, want dit spaar reistyd, terwyl diegene wat nie met tegnologie wil werk nie die persoonlike konsultasies verkies. Die kontakmetode is ook gedurende beurtkrag besonder voordelig.

4.4 Skryflaboratorium reik wyer uit met werksessies

Die Skryflaboratorium het in 2022 sy [werksessieportefeulje](#) vir nie net alle US-fakulteite nie, maar ook vir Nelson Mandela Universiteit (NMU), die Universiteit van Wes-Kaapland en die Afrikasentrum vir Wiskundige Wetenskappe (AIMS) in Rwanda aangebied. Daarbenewens het die portefeulje deel uitgemaak van ons Afrikasentrum vir Akademieskap se gesamentlike skole met die Universiteit van Namibië en Makerere-universiteit (Uganda) én van die skole van die Afrika Doktorale Akademie (ADA). 'n Skryfwegbreesessie in kontakvorm is ook vir die eerste keer sedert die pandemie vir US-personeel aangebied.

Vyftig werksessies is reeds vir 2023 gereël. Veertien daarvan is van Januarie tot Maart vir die ADA-somerskool (*foto regs*), die Nagraadse Skool van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, die Afrikasentrum vir MIV/Vigs-bestuur en die Nagraadse Kantoor aangebied. Drie werksessies het ook vroeg in Maart by NMU plaasgevind.



4.5 US-eenheid verseker gehalte van eerste ISS-eksamen

Ons Eenheid vir Internasionale Kwalifikasies (SU-UIC) het in Oktober en November 2022 as gehalteversekeraar van die eerste Internasionale Sekondêre Sertifikaat- (ISS-)eksamen opgetree. Die ISS, wat deur die Onafhanklike Eksamineringsraad (IEB) se internasionale afdeling ontwikkel is, is die eerste Afrikagerigte internasionale skoolverlatersertifikaat.

Die gehalteversekeringsbeheerkomitee van die SU-UIC onder leiding van ons Viserektor: Strategie, Globale en Korporatiewe Sake het goedkeuring verleen dat die ISS-uitslae vrygestel word.

Soos wat Universiteite Suid-Afrika bevestig het, voldoen internasionale kandidate wat die ISS met lof of op 'n gevorderde vlak slaag en 'n studieaanbod van 'n Suid-Afrikaanse hoërondewysinstelling ontvang, aan die minimum vereistes vir toelating tot graadprogramme.

4.6 ADA-somerskool weer in kontakvorm

Ons was in ons skik om in Januarie 2023 vir die eerste keer sedert die pandemie weer 'n kontaksomerskool van die Afrika Doktorale Akademie (ADA) aan te bied. Die ADA is deel van US Internasionaal en wil deur 'n geïntegreerde holistiese benadering doktorsale opleiding en akademieskap in alle dissiplines op die Afrikavasteland ondersteun, versterk en bevorder.

Die somerskool het deelnemers van Suid-Afrika, Gaboen, Kenia, Mosambiek, Nigerië, Rwanda, Tanzanië, Uganda en Zambië gelok. Die twee weke lange geleentheid het opleiding in navorsingsmetodologie, akademiese gereedheid en loopbaanontwikkeling voorsien. Die sessies, wat deur toonaangewende internasionale vakkenners en fasiliteerders aangebied is, was oop vir (sowel huidige as voornemende) doktorsale kandidate, hulle promotors en navorsers.

TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK

Volgens [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) impliseer navorsing vir impak by die US “die optimalisering van die wetenskaplike, ekonomiese, sosiale, vakkundige en kulturele impak van ons navorsing. Die klem val op interdisiplinêre navorsing tot voordeel van die samelewing in nasionale, vastelands- en wêreldverband. Tog bly ons verbind tot basiese en dissiplinêre navorsingsuitnemendheid omdat dit as grondslag vir toegepaste en betekenisvolle navorsing dien”.

5.1 Fonds vir Innovasie en Navorsing oor Leer en Onderrig

Die Fonds vir Innovasie en Navorsing oor Leer en Onderrig (FINLO) het in November 2022 altesaam **15 voorstelle** uit vyf fakulteite ontvang. Die totale finansieringsversoek was effens meer as R830 000. Dertien voorstelle is vir finansiering goedgekeur, en twee is vir verdere oorlegpleging verwys en die aansoekers aangemoedig om weer in Mei 2023 aansoek te doen.

Boonop het die FINLO-komitee strategieë bespreek **om die sigbaarheid en benutting van FINLO-finansiering te verhoog**. Voorstelle het ingesluit etensuursessies en 'n voorafwerksessie by die jaarlikse konferensie oor die Akademieskap van Onderrig en Leer om te verduidelik waarvoor FINLO-finansiering gebruik kan word. Die fonds bied dosente 'n geleentheid om probleme, oplossings en tendense op leer- en onderriggebied te ondersoek en om hulle navorsingsresultate te versprei en sodoende die gehalte van leer, onderrig en assessering te verbeter. Enige dosent, span dosente of sentrum gemoeid met leer, onderrig en assessering kan om 'n toekenning aansoek doen.

Die komitee verwelkom ook prof Shantelle Weber (Teologie), dr Anthea Jacobs (Sentrum vir Onderrig en Leer), me Greta Steenkamp (Ekonomiese en Bestuurswetenskappe), dr Zelda Barends (Opvoedkunde) en prof Robbie Pott (Ingenieurswese) as **nuwe lede**.

5.2 US dra by tot eerste HELTASA-boek

Die Beroepsleer-projekspan van die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Hoërondewysleer en -onderrig (HELTASA) het in November 2022 hulle eerste boek bekend gestel. Die span het 'n personeellid van ons Sentrum vir Onderrig en Leer ingesluit.

Die boek, *Critical reflections on professional learning during Covid-19: Context, practice and change*, is 'n bundel oordenkings oor Suid-Afrikaanse akademië se beroepsleer gedurende noodafstandsonderrig. Akademië, waaronder dié van die US, vertel hoe hulle te werk gegaan het om hulle onderrig-, leer- en assesseringspraktyke te herbedink en aan te pas.

5.3 Help gemengdeleerkoördineerders navorsingsuitsette skep

Skryfwegbreekessies vir die US se gemengdeleerkoördineerders (GLK's) het op 8 en 25 November 2022 plaasgevind. Die sessies is 'n nuwe inisiatief om GLK's te help om navorsingsuitsette op grond van hulle werk in die onderskeie fakulteite te skep.

